

DIE BOEK OPENBARING

Hoofstuk 16

Inleiding

Kyk net weer vinnig na wat vooraf gebeur het:

Johannes sien 'n teken in die hemel.

- Johannes sien iets gebeur wat hom in verrukking laat: Daar verskyn sewe engele.
- Hierdie engele het priestersklere aangehad (v. 6). Hulle klere was van rein, blink en fyn linne.
- Om die bors het hulle goue gordels gedra.

Wanneer hierdie bakke uitgegooi word, breek die eindoordeel oor die aarde aan, waarna die ewigheid by God in die hiernamaals begin. Dit word in hoofstuk 16:17 beskryf.

As ons na die oordele luister, wil ons in vrees verval oor die verskriklikheid daarvan.

- Beleef die gelowiges wat die laaste oomblikke van ons geskiedenis lewe dit ook so?
- Nee, hulle beleef nie die oordele as 'n straf oor hulle nie.
- Hulle sien daarin die openbaring van God se almag – die einddoel waarom God die sonde toegelaat het, naamlik dat Hy dit op hierdie hoogtepunt tot 'n einde bring.
- Daarmee openbaar Hy sy Goddelike krag en almag, regverdigheid en genade.

Die wydheid van die Here Jesus se verlossingswerk word geopenbaar: Al die nasies sal kom en God aanbid.

- Veral vir Johannes is dit belangrik, want hy en sy mede-apostels was juis deur die Here gestuur om mense uit alle volke te gaan bekeer en hulle dan te doop en te leer.
- Hier het hy dus die vrug van die werk wat deur hulle begin is, gesien.

Daar is twee dinge wat daarop dui dat dit baie belangrike engele moet wees wat hierdie oordeelswerk gaan uitvoer.

- Die eerste is hulle kleredrag wat ooreenstem met die kleredrag van die Here Jesus Christus soos wat Johannes Hom daar op die strand gesien het.
- Die beskrywing van hulle kleredrag is om hulle heiligheid te openbaar.

Die tweede is dat hulle nie soos die ander engele die hele tyd op die aarde was nie – hulle kom uit die binnekant van die hemel uit, waar hulle dus altyd baie naby aan die Here is.

Vers 1

En ek het 'n groot stem uit die tempel aan die sewe engele hoor sê: Gaan gooi die skale van die grimmigheid van God op die aarde uit. (Openbaring 16:1 AFR1953)

Nadat alles gebeur het wat in hoofstuk 15 beskryf is, is die hele toestand en opset reg dat die sewe engele elkeen hulle skale of bakke op die aarde kan uitgooi.

- Die tempel is vol rook, wat die volle toorn en heiligheid van God uitbeeld. Die tyd vir genade en gebede is verby.
- Die Here Jesus doen ook nie meer voorbidding nie. Hy self maak Hom gereed om die oordeel te gaan voltrek.

Johannes hoor 'n groot stem in die tempel wat bevele gee. Dis God self wat praat.

- Die engele kry opdrag om hulle skaalbakke op die aarde te gaan uitgooi.
- Toe die eerste engel sy bak op die aarde uitgooi, het die gramskap van God oor die hele aarde neergekom.

Die uittoeg uit Egipte word weer opgeroep. Die uitgooi van die plaie in die laaste oomblikke herinner aan die tien plaie wat in Egipteland was soos die Here dit laat opskryf het in Eksodus 7-10.

- Die gebeure rondom die skaalbakke wat uitgegooi word, sluit (net soos die lied van Moses) aan by die uittoegeskiedenis.
- In die eindoordeel gebeur die verlossingsgeskiedenis baie soos wat dit gebeur het met die verlossing uit Egipteland.

Dis nie net die lied wat die verlore skare sing wat dieselfde is nie.

- Die skale wat uitgegooi word, vertoon ook trekke van ooreenkoms met die plaie wat oor Egipteland gekom het.
- Daarmee openbaar die Here dat Hy in die uittoegeskiedenis aangetoon het hoe Hy sy kerk uit 'n sondebevange wêreld gaan verlos wanneer die einde daar is.

Vers 2

Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bese swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het.

(Openbaring 16:2 AFR1953)

Die engele gehoorsaam onmiddellik!

Die eerste engel gooi die inhoud van sy skaal se bak op die aarde uit.

- Dit val oor alle mense.
- Die gevolg daarvan dat hierdie bak se inhoud uitgegooi word, is dat daar geweldige siektetoestande uitbreek.
- Die mense kry kwaadaardige en bese swere.

Vergelyk hiervoor Eksodus 9:10-11:

So het hulle dan roet uit die oond geneem en voor Farao gaan staan, en Moses het dit na die hemel uitgestrooi. Toe word dit swere wat uitbreek in blare aan mense en diere. En die towenaars kon voor Moses nie staan vanweë die swere nie. Want die swere was aan die towenaars en al die Egiptenaars. (Eksodus 9:10, 11 AFR1953)

Dit is dus nie 'n nuwe ding dat daar bese swere uitbreek onder mense wat God nie aanvaar nie, of wat hulle teen Hom verset, nie.

- Die eerste skaal sluit juis aan by die sesde plaag in Egipteland.
- Moses en Aäron moes elkeen 'n dubbele hand vol roet in die lug opgooi.
 - Die Here het dit toe verander in fyn poeier wat oor die hele Egipteland bese swere aan mense en diere veroorsaak het.
 - Die towenaars van Farao kon nie eers voor Moses verskyn nie, so vol swere was hulle.

Later in die geskiedenis was daar weer 'n heidense volk, die Filistyne, wat teen Israel oorlog gevoer het, en hulle verslaan het. Hulle het toe die ark weggevoer na Filistea toe.

- Destyds het die Here hulle ook met bese swere getref.

Ons weet dus uit die geskiedenis dat die Here so 'n werkswyse het om ongelowige mense met bese swere te tref wanneer Hy hulle straf.

- Die swere wat volg op die eerste skaal, lê dus heeltemal in lyn met die normale openbaring van die Here.

Let wel:

Daar is ook 'n sterk ooreenkoms tussen die dinge wat gebeur wanneer die skaalbakke met God se oordeel uitgegooi word, en dit wat gebeur wanneer die sewe engele hulle basuine blaas. Vergelyk byvoorbeeld Openbaring 8:7 tot 9:21.

So ook:

En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid. (Openbaring 11:15 AFR1953)

Die skale is nie 'n blote herhaling van die gebeure tydens die blaas van die sewe basuine nie. Daar is drie belangrike verskille tussen die twee stelle openbaring:

- Die eerste een is die tyd(stip) waarop elkeen gebeur.
- Die tweede is die verskil in intensiteit.
- Die derde is die verskil in wie getref word.

Dit beteken nie dat die ooreenkomste misgekyk moet word nie!

- Toe die vyfde engel sy basuin geblaas het, is aangekondig dat die wat die seël van God op hulle voorhoofde het, van daardie oordeel gevrywaar was.

En aan hulle is gesê dat hulle nie die gras van die aarde of enige groenigheid of enige boom moet beskadig nie, maar net alleen die mense wat die seël van God nie op hulle voorhoofde het nie. (Openbaring 9:4 AFR1953)

- Wanneer die eerste skaalbak uitgegooi word, word dit gegooi op al diegene wat die merkteken van die bees het en wat sy beeld aanbid.

Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bose swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het. (Openbaring 16:2 AFR1953)

Wat verskil, is dat die tweederde-gedeelte wat gevrywaar was *tydens die blaas van die basuine*, nie by die skaalbakke gegeld het nie.

- Al die dier se volgelinge word getref (100%!)
- Die Here se getroue volgelinge word beskerm – al is hulle maar min

Dan vra ons: Maar waarom kom die gelowiges dan skotvry daarvan af? Word die skaal dan nie oor die hele aarde en al die mense uitgegooi nie?

- Die antwoord is dat die Here Jesus die volle straf vir ons sondes voor God gedra het.
- Daarom wreek God Hom nie in sy grimmigheid weer 'n keer oor die sondes van die gelowiges nie.

Verder is dit ook so dat die Heilige Gees oor die kerk uitgestort is.

- As ons dit in verband bring met hierdie skale wat die een na die ander die toorn van die Here oor die aarde uitgooi, dan sien ons dat die mense wat deur die oordele getref word, nie tot bekering kom nie.
- Die werk van die Heilige Gees oor ons maak juis dit presies anders.
 - Deur die werk van die Heilige Gees kom die ware gelowige tot bekering wanneer hy deur die Here gestraf sou word oor sy ongehoorsaamheid.
 - Die Heilige Gees breek dus die element van verharding by die ware gelowige af.

By al die oordeel en grimmigheid van die Here is die genade baie duidelik.

- Dis nie alle mense wat dit kry nie – net dié wat die merk van die dier gehad het en wat sy beeld aanbid.

- Daar staan nog iets belangriks by: In vers 9 staan daar dat hierdie mense wat God gelaster het, hulle nie bekeer het om aan God die eer en heerlijkheid te gee nie. Dit geld al die plaë wat oor hulle gekom het.

En die mense is gekroei met 'n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plaë, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlijkheid te gee nie. (Openbaring 16:9 AFR1953)

- Die Here sê nie wat die bose swere gaan veroorsaak wanneer die eerste skaal uitgegooi word nie – en ook nie hoe dit gaan lyk nie.
- Maar dis duidelik dat die swere sal uitkom by mense wat op so 'n manier lewe dat hulle die Here kwaad maak.
- Die swere gaan dus op die een of ander manier deur die sonde veroorsaak word.

Die Bybel openbaar nie of die gelowiges ook bewaar is toe die ander plaë uitgegooi is nie. Waarskynlik word dit hier geopenbaar omdat die swere elke mens individueel getref het. Die ander plaë het die mense gemeenskaplik getref.

Vers 3

En die tweede engel het sy skaal op die see uitgegooi, en dit het bloed geword soos van 'n dooie, en al die lewende wesens in die see het gesterwe. (Openbaring 16:3 AFR1953)

Die tweede en die derde skaalbakke hang saam met mekaar omdat die gevolge van hulle uitgooi op die aarde by mekaar aansluit.

- *Die derde skaalbak brei as 't ware net uit op die tweede een, aangesien die tweede een die see tref, en die derde een die land: die riviere en die waterfonteine.*

Die tweede engel gooi sy skaal sonder enige huiwering uit oor die see.

...dit het bloed geword soos van 'n dooie...

- Die beeld is skrikwekkend en grusaam.
- Die beeld is bloed wat dik gestol is en waarvan die wei bo-op dryf – en dit stink gruwelik.

Geen ding kan in sulke gemors lewe nie. Alles in die see vrek as gevolg daarvan.

Vergelyk hierby twee ander Bybelgedeeltes:

Eksodus 7:17-21: So spreek die HERE: Hieraan sal jy weet dat Ek die HERE is. Kyk, ek sal met die staf wat in my hand is, op die water slaan wat in die Nyl is, en dit sal in bloed verander word. En die visse in die Nyl sal doodgaan, sodat die Nyl sal stink. En die Egiptenaars sal vergeefs trag om die water uit die Nyl te drink. Verder het die HERE met Moses gespreek: Sê vir Aäron: Neem jou staf en steek jou hand uit oor die waters van die Egiptenaars, oor hulle strome, hulle kanale, hulle waterkuile en oor al hulle versamelplekke van water, sodat dit bloed word: daar sal bloed in die hele Egipteland wees, ook in hout – en in klipbakke. Moses en Aäron het toe so gedoen soos die HERE beveel het – hy het die staf opgehef en die water wat in die Nyl was, geslaan voor die oë van Farao en voor die oë van sy dienaars; en al die water in die Nyl is in bloed verander. En die visse wat in die Nyl was, het doodgegaan; en die Nyl het gestink, sodat die Egiptenaars die water uit die Nyl nie kon drink nie. En daar was bloed in die hele Egipteland. (Eksodus 7:17-21 AFR1953)

En Openbaring 8:8-11:

En die tweede engel het geblaas, en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword, en 'n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan. En die derde engel het geblaas, en 'n groot ster wat soos 'n fakkel brand, het uit die hemel geval, en dit het geval op 'n derde van die riviere en op die waterfonteine. En die naam van die ster

word genoem Alsem; en 'n derde van die waters het als geword, en baie mense het gesterwe van die water, omdat dit bitter geword het. (Openbaring 8:8-11 AFR1953)

Weer doen die Here nie iets vreemds nie.

- Hy doen dinge wat Hy al vantevore gedoen het – sodat die mense Hom in sy werke kan ken en tot bekering kom.
- *But – listen is few!*

Moses en Aäron het toe gemaak soos die Here vir hulle gesê het, en al die waters het in bloed verander.

- Die visse wat in die Nyl was het doodgegaan, en die waters het so gestink dat die Egiptenaars dit nie kon drink nie.
- Dit was die eerste plaag wat die Egiptenaars getref het.
 - Let op dat die eerste plaag net Egipteland getref het.
 - Die res van die wêreld het niks oorgekom nie.

Die Here laat dit so gebeur omdat die Egiptenaars die verdrukkers van die verbondsvolk of kerkvolk was. Daarom het die Here net hulle land getref.

Aan die einde van die tyd (met die wederkoms) is die saak egter heeltemal anders.

- Die kerk is nie meer net beperk tot een volkie wat in die Nyldelta woon en deur 'n ander volk verdruk word nie.
- Die Kerk van die Here het versprei oor die hele wêreld en sluit alle volke en tale in.
- Die konflik van die eindtyd is tussen die ongelowiges wat wêreldwyd die gelowiges verdruk.
- Daarom word die hele wêreld daarby betrek.

Dit is juis die betekenis daarvan dat een van die vier troongeeste die skaalbakke aan die sewe engele oorhandig het.

- Hierdie troongees is die simbool daarvan dat die hele skepping betrek word by die eindoordele van God.
- Dis ook waarom die tweede bak oor die see uitgegooi word.
 - Die see is die simbool daarvan dat die hele wêreld betrek word.
 - Die see is die teken van die verbinding tussen die verskillende wêreldlande (deur middel van seevaart).
 - In hierdie handeling van die engel word die see as toegangsmiddel tussen die verskillende lande totaal vernietig.
- Die see se water word soos die bloed van 'n dooie.
 - Nie vars bloed nie.
 - Die Here beskryf die see as 'n massaontbinding.
 - Daarom gaan alles daarin dood.

Die tweede skaalbak wat oor die see uitgegooi word, sluit aan by die tweede basuin wat in die hemel geblaas word. Ons lees daarvan in Openbaring 8:8, 9.

En die tweede engel het geblaas, en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword, en 'n derde van die lewende skepele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan.

(Openbaring 8:8-9 AFR53)

Toe die tweede engel op sy basuin geblaas het, is daar iets soos 'n groot berg wat brand met vuur in die see gegooi!

- Dit word baie duidelik beskryf dat die berg nie maar net in die see geval het nie.
- Dit is deur die mag van God in die see gegooi.

- Dit rig ook geweldige verwoesting aan:
 - 'n Derde van die see het in bloed verander
 - 'n Derde van alle skepsele in die see het gesterf,
 - 'n Derde van al die skepe op die see het vergaan.
 - Die skade is geweldig, en die verskrikking daarvan is so groot dat mens se verstand daarvan duisel.

Kyk nou weer na die tweede skaalbak:

- Die hele see word bloed.
 - Alles gaan dood.
 - Die reuk van die dood en verrotting hang daaroor – die simbool van die hel en die ewige dood.
 - Daar is geen teken van lewe of van die teenwoordigheid van God nie.
 - Alles staan in die teken daarvan dat God glad nie daar is nie, en dat die mense moet kyk en sien hoe dit lyk waar die oordeel van God tref (vir die gelowiges tot bekering?).

4 En die derde engel het sy skaal uitgegooi op die riviere en op die waterfonteine, en dit het bloed geword.

5 En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het;

6 want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien.

7 En ek het 'n ander een uit die altaar hoor sê: Ja, Here God, Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele. (Openbaring 16:4-7 AFR1953)

Wanneer die derde engel sy skaalbak uitgooi, word die riviere en fonteine se water ook bloed.

- Dit beteken dood tree in oor mense en diere, want dis waarvandaan hulle hulle drinkwater kry.
- Dit was dieselfde toe die Here destyds in Egipte die water in bloed verander het:

Maar al die Egiptenaars het rondom die Nyl na water gegrawe om te drink, want hulle kon van die Nyl se water nie drink nie. (Eksodus 7:24 AFR1953)

Nogal sorgwekkend! Want sonder water kan niks lewe nie!

Johannes hoor die engel van die waters sê:

Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, (vers 5)

Opmerking: Daar is dus 'n engel wat mag het oor al die waters op die aarde!

Let op die eienskappe wat deur die engel aan God toegeken word:

regverdig

Daar is heelwat plekke waar die Bybel die Here as die Regverdige openbaar. Vergelyk hiervoor byvoorbeeld:

Deuteronomium 32:4: **Die Rots – volkome is sy werk; want al sy weë is strafgerigte; 'n God van trou en sonder onreg; regverdig en reg is Hy.**

2 Kronieke 12:6: **Hierop het die owerstes van Israel en die koning hulle verootmoedig en gesê: Die HERE is regverdig.**

Esra 9:15: **HERE, God van Israel, U is regverdig;**

Psalm 11:7: **Want die HERE is regverdig; Hy het geregtighede lief; die opregtes sal sy aangesig sien.**

1 Johannes 1:9: **As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.**

1 Johannes 2:29: **As julle weet dat Hy regverdig is, dan weet julle dat elkeen wat die geregtigheid doen, uit Hom gebore is.**

Die Woord van die Here openbaar ook dat die oordele van die Here regverdig is. Dink byvoorbeeld aan:

1 Petrus 2:23: **...wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel;**

Openbaring 16:7: **En ek het 'n ander een uit die altaar hoor sê: Ja, Here God, Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele.**

Openbaring 19:2: **Want sy oordele is waaragtig en regverdig;**

wat is en wat was

Die uitdrukking teken God in sy ewige bestaan, maar ook in sy onveranderlikheid. Die Here is altyd dieselfde.

Hierdie manier van uitdrukking is eie aan die boek Openbaring:

Openbaring 1:4: **Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is,**

Openbaring 1:8: **Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.**

Openbaring 11:17: **Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het.**

In die Ou Testament kom dieselfde beginsel, naamlik dat God onveranderlik is, voor in die volgende gedeeltes:

Jesaja 41:4 **Wie het dit gedoen en tot stand gebring? Hy wat die geslagte roep van die begin af; Ek, die HERE, die Eerste, en by die laaste is Ek dieselfde.**

Jesaja 46:4 **en tot die ouderdom toe is Ék dieselfde, ja, tot die grysheid toe sal Ek julle dra; Ék het dit gedoen, en Ék sal julle opneem, en Ék sal dra en red.**

Vers 5 verwys na die eerste skaalbakke wat uitgegooi was as **hierdie oordeel**.

Die engel verklaar dan die werklikheid wat in die geskiedenis afspeel: Die vervolgers en kwaaddoeners en ongelowiges wat in die laaste tyd lewe, is uiters bloeddorstige mense!

...hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, (vers 6)

Die Here vergeld hulle met hulle eie soort oordeel! Daarom is hulle water meteens alles pure bloed! Die Here laat hulle oorkom wat hulle aan die gelowiges doen!

...en U het aan hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien. (vers 6)

Vergelyk hierby ook Openbaring 14:9-11:

En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen

rus nie hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang.
(Openbaring 14:9-11 AFR1953)

En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien.
(Openbaring 17:6 AFR1953)

Let ook op na die woorde: **die Heilige:**

Die heiligheid van die Here word in die Ou en Nuwe Testament geopenbaar:

Jesaja 6:3: **En die een het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskaare. Die hele aarde is van sy heerlijkheid vol!**

Openbaring 4:8: **En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!**

Johannes hoor nog 'n engel wat oor hierdie bloeddorstige mense en die straf wat hulle tref kommentaar uitspreek! Hy praat van die altaar af.

...ek het 'n ander een uit die altaar hoor sê: Ja, Here God, Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele. (vers 7).

Die engel is baie tevrede met die straf van die Here oor die spul eindmense, want hy begin sy uitroep met: **Ja!**

- Hy stem saam.
- Hy is hoogs tevrede met die toediening van die straf.

Dit is duidelik dat die mense en die engele wat by die altaar werk, almal uitsien daarna dat hierdie bloeddorstige wreedaards kwaai gestraf moet word!

Die Here het reeds iets oor hierdie saak in Openbaring 6:9, 10 geopenbaar:

En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?
(Openbaring 6:9, 10 AFR1953)

Tog spreek hierdie altaarengel die Here anders aan as die vorige een.

- Daardie engel het die Here onder andere as **Heilige** aangespreek.
- Hierdie engel spreek hom aan as **Ja, Here God, Almagtige**.

Sy belydenis is dus dat die Here

- die Beskikker en Oorwinnaar (Kurios!) is, en
- dat Hy God die Skepper is
- wat mag het oor letterlik alles wat daar is (**Pantokratwr – pantokrator**)

... dat hierdie God se **oordele waaragtig en regverdig is**.

Hierdie uitspraak gaan nie net daaroor dat **waaragtig en regverdig is u oordele** oor die spul kwaaddoeners teen die einde van die tyd is nie. Die Here se oordele is waaragtig en regverdig van die begin tot aan die einde – letterlik deur alle eeue.

Vers 8-9

En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei. En die mense is geskroei met 'n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plaes, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie. (Openbaring 6:8-9 AFR53)

Vraag: Watter rol speel die son in God se oordeel?

Die vierde engel gooi sy skaal op die son uit.

- Toe ontvang die son die vermoë en die geleentheid om die mense met vuur te skroei.
- Dit beteken dat God so 'n opdrag aan die son gee.

Die son word dikwels deur die Here gebruik wanneer Hy buite-normale dinge doen.

- Dink aan die keer toe Josua gebid het dat die son moet stilstaan in Gibeon en die maan in die dal van Ajalon:

Toe het Josua met die HERE gespreek, op die dag dat die HERE die Amoriete aan die kinders van Israel oorgegee het, en voor die oë van Israel gesê: Son, staan stil in Gibeon, en maan, in die dal van Ajalon! (Josua 10:12 AFR53)

Ons weet dat die Here die beweging van die aarde laat stilstaan het, sodat die son oor die Israeliete geskyn het totdat hulle die Amoriete verslaan het.

- Die Here het dus hierdie ingrype gebruik om die heidense Amoriete te verdelg.
- Dis nie vreemd dat die Here die beweging van die aarde beperk of verander nie – Jesaja het geprofeteer dat die aarde aan die einde van die tyd gaan waggel en heeltmaal stukkend breek.

Die aarde word geheel en al verbreek, die aarde is geheel en al aan wankel, die aarde word geheel en al geskud. Die aarde waggel geheel en al soos 'n dronkaard en swaai heen en weer soos 'n naghut; en sy oortreding is swaar op hom; en hy sal val en nie weer opstaan nie. (Jesaja 24:19-20 AFR53)

Die Here versteur dus die reëls van die natuur (soos ons dit ken) wanneer Hy die Heidene oordeel:

- In die tyd van Jesaja se profesie gaan die maan rooi word van skaamte en die son sal skaam wees – want in daardie tyd gaan die Here die konings van die aarde oordeel.
- Dit gebeur dus net soos in die tyd van Josua – die son gaan weer saam met oordeel oor die heidene.
- Vir Hiskia het die Here 'n teken gegee dat hy die koning van Assirië sal verslaan – en toe het die Here ook die son gebruik: die son het op die sonwyser van Agas tien grade agteruit gegaan

Kyk, Ek sal die skaduwee op die grade wat dit gedaal het deur die son op die grade van Agas se sonnewyser, laat teruggaan, tien grade agteruit. En die son het tien grade teruggegaan op die grade wat dit gedaal het. (Jesaja 38:8 AFR53)

Die verdonkering van die son saam met God se oordeel word in die Ou Testament al voorspel.

- Een voorbeeld is Jeremia 15:9 waar die Here die oordeel oor Israel openbaar.
- Hy sê dat haar son oor haar ondergaan terwyl dit nog dag was:

Sy wat sewe gebaar het, het weggekwyn; sy het magteloos neergesink; haar son het ondergegaan terwyl dit nog dag was; sy staan beskaamd en het rooi van skaamte geword. En hulle oorblyfsel gee Ek aan die swaard oor, voor hulle vyande, spreek die HERE. (Jeremia 15:9 AFR53)

Die profeet Joël sluit in sy profesie oor die eindoordeel hierby aan.

- Wat hy leer, sluit nogal sterk aan by die tweede, derde en vierde skaal wat deur die engele uitgegooi word, soos wat dit in Openbaring 16 beskryf staan:

En Ek sal wondertekens gee aan die hemel en op die aarde: bloed en vuur en rookpilare. Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom. (Joël 2:30-31 AFR53)

Die apostel Petrus herhaal hierdie uitspraak net so in sy toespraak die dag toe die Heilige Gees uitgestort is.

Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom. (Handelinge 2:20 AFR53)

Die uitsondering is ook daar: Jesaja profeteer dat die Here nie die son en die maan gaan gebruik om lig te gee oor die Nuwe Jerusalem nie; die Here self sal die ewige lig wees.

Die son sal bedags jou lig nie meer wees nie, en as glans sal die maan vir jou geen skynsel gee nie; maar die HERE sal vir jou wees 'n ewige lig, en jou God sal jou sieraad wees. (Jesaja 60:19 AFR53)

Die merkwaardige uitspraak sluit tog ook by die vorige profesieë aan, want hier is die oordeel klaar afgehandel, daarom kan dit profeteer dat die son nie na die oordeel meer gebruik word nie, terwyl al die ander profesieë in hierdie verband die oordeel voorafgaan, of tegelykertyd daarmee gebeur.

In die gedeelte waar die skaalbak oor die son uitgegooi word, gebeur daar meer dinge as wat net in hierdie paar woorde geskryf staan. Dink wat gebeur met ons wanneer die son so genadeloos oor ons land skroei en daar geen reën val om die aarde af te koel nie.

- Die een droogte kom na die ander.
- Plante en diere gaan dood.
- Hongersnood tree in.
- Uiteindelik het langdurige droogtes en skroeiende son ook op die mens die dood as gevolg, want die mens se voedselbronne gaan dan alles tot niet.

By die vierde skaal kom al hierdie dinge in die gesigsveld.

- Dit is net erger as 'n gewone droogte, want die Here spits die verbrandende hitte van die son hier toe op die mens.
- Die Here wil hê dat dit vir die mense lyding moet veroorsaak.
- Daarom is hier baie meer as net die gewone swaarkry van droogte en hongersnood.

Hierdie saak word ook uitgebeeld in Openbaring 6:12 waar die sesde seël oopgemaak word:

- Daar staan ook geskryf van die natuurtekens wat in die Ou Testament voorspel is, naamlik dat daar 'n geweldige aardbewing sal wees.
- Maar dan staan daar ook dat die son swart word soos 'n harige sak en die maan soos bloed.

Dis taal wat vertel dat dit nie gewone dinge is wat die Here oor ons gaan beskik nie. Daardie oomblikke gaan verskriklik wees.

Vraag: Watter effek bereik die uitgooi van hierdie skaalbak?

Die effek van die son se brand is dat die mense dit nie kan uithou in die versengende hitte van die son nie.

- Tog brand hulle nie dood nie.
- Die mense word ook nie deur die vuur verteer nie.

Die woord wat hier gebruik word, is destyds baie keer gebruik in die betekenis van *medies brand*.

- In daardie dae het hulle dikwels oorlogswonde en selfs operasiewonde met witwarm yster gebrand, omdat hulle geglo het dat dit infeksie teëwerk.
- Hieruit kan ons aflei dat die son se hitte die mense stukkend brand, maar nie doodmaak nie.

Hoe reageer die mense op hierdie geweldige hitte van die son? Bekeer hulle hulle tot die Here, omdat hierdie uiterste hitte van die son die gevolg is van hulle sondes?

- Nee.
- Die teendeel is waar: Hulle laster die Naam van God wat mag het oor hierdie plaë, met ander woorde hulle laster die Naam van God omdat Hy die geweldige hitte van die son oor hulle beskik.

Ons lees dat die Here hierdie onbekeerlikheid teenoor Hom by meer geleenthede openbaar:

Openbaring 13:6: **En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster.** (AFR53)

Jesaja 8:21: **Dan sal hulle deur die land trek, beswaard en honger; en as hulle honger het, sal hulle in toorn uitbreek en hulle koning en hulle God vloek; dan sal hulle na bo kyk,** (AFR53)

Openbaring 9:20-21: **En die orige mense wat deur hierdie plaë nie gedood is nie, het hulle nie bekeer van die werke van hul hande, om die duiwels te aanbid, of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout wat nie kan sien of hoor of loop nie. En hulle het hul nie bekeer van hul moorde en hul towerye en hul hoerery en hul diefstalle nie.** (AFR53)

Dis 'n baie lelike ding wat hier gebeur.

- Daar is geen sweem van verootmoediging by die mense nie – net groeiende verharding.
- Daar is 'n algehele verset om hulle sondes te bely.
- Daar is 'n totale ontkenning dat hulle sondes die aanleiding is vir die plaë wat uitgestort word.
- Dit beteken dat hulle ook moet erken dat God regverdig is, en dat Hy sy reg handhaaf in die straf wat Hy beskik oor die mense se sondes.
- Dit vra dus algehele selfvernederings van die mens voor God – geen verwaande mens doen dit maklik nie.

Dit verklaar waarom die mense in hulle onbekeerlikheid die Naam van die Here laster.

- Dit is om openlik te bevestig dat hulle hulle nie tot God sal of wil bekeer nie.
- Hulle vererger dus net in hulle ongeloof en slegte werke.

Die lastering wat met al die plaë gebeur het, het hier, toe die son hulle so verskriklik gebrand het, 'n hoogtepunt bereik.

- Die dag wanneer hierdie son so verskerp gaan skyn, sal almal ongetwyfeld onthou dat die son die dag van Jesus se kruisiging donker geword het.
- Drie ure later het dit weer lig geword, omdat dit iets van die simboliek van Jesus se verlossingslig oor 'n sondeverdonkerde wêreld moes uitbeeld.

Die dag van die vierde skaal is dit heeltemal anders.

- Dit word in 'n sekere sin skerper lig op die aarde.
- Die donker van die sondes kom meteens onder die skerper lig en die hitte van God se oordeel.
- Die gedeeltes wat vir u aangehaal is uit die profesieë maak dit baie duidelik dat die einde op daardie oomblik daar is.
 - Daar word in die Ou Testament geprofeteer dat die aarde gaan begin waggel, en dat hy dan heeltemal aan stukke gaan breek.
 - Die boek Openbaring maak dit duidelik dat die aarde verbrand sal word.

Die oordeel kom deur die kruis, want die kruisdood was om God se reg te handhaaf – nie net in die verlossing van die wat bekeer word nie, maar ook in die oordeel oor al die wat in ongeloof teen God in verset is.

- Die oordeel van die Here Jesus word dan voltrek oor al die wat Hom as God en Verlosser

verwerp het – dit is oor al dié wat die Here so verskriklik laster wanneer die son in sy hitte op die aarde brand.

- Die genade is dat die ware gelowige nie hierdie dag angsbevange hoef af te wag nie, want vir hom is daar genade wanneer die Here die son so gaan verskerp.

Die ware gelowige sal homself in hierdie tye van beproewing al hoe meer verootmoedig, en by God pleit vir genade.

- In hierdie plaag sien hy die krag van God,
- maar sien hy ook hoe die uurglas van die aarde se tyd volloop, en hoe die tyd waarin die bestel van die sonde oorheers het, tot niet gaan.

Dan kom die skeiding tussen gelowiges en ongelowiges helder en ondubbelsinnig na vore:

- Die mens van sonde – die ongelowiges van die einde – weier om te erken dat die oordele wat die aarde tref deur hulle sondes veroorsaak word.
- Die ware gelowiges erken en bely dit, en smee om vergifnis – hulle vorm 'n skerp kontras met die ongelowiges wat die Naam van God bly laster.

Die Here openbaar dat die eindtyd gekenmerk word deur oordele en rampe wat die aarde tref.

- Omdat die Here dit openbaar, weet die ware gelowige dit, en wag hy daarvoor.
- Dis tekens wat hy kan lees, en waarna hy uitsien, want dan kom die koninkryk van God!

Wanneer dié dinge gebeur, gaan ons in na ons laaste en finale blyplek toe – 'n nuwe aarde vol heerlijkheid waar sonlig wat mense stukkend brand, vervang word met die lig van God se heerlijkheid wat die lewe daar een ewige dag maak.

Vers 10, 11

En die vyfde engel het sy skaal uitgegooi op die troon van die dier, en sy koninkryk is verduister, en hulle het hul tonge gekou van pyn; en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie. (Openbaring 16:10 AFR1953)

Hierdie is die eerste plaag wat hom uitsluitlik op die magte toespits wat hulle teen die Here stel.

- Al die ander plaë tot nou toe het iets van die natuur ook betrek.
- Die engel gooi sy skaal uit oor die koninkryk van die dier.
- Die Bybel bedoel hiermee die ryk van die antichris soos wat dit in die laaste regeringsvorm van die wêreldryk sal wees.

Die ryk van die antichris sal 'n soort van 'n ongelowige wêreldregering wees wat hoofsaaklik politiek en valse profesieë sal verkondig.

- Die leiers van hierdie ryk sal net ongelowiges wees.
- Hulle sal almal bitterlik teen die Here wees.

Hierdie skaal het daardie sisteem op die oog.

Let op wie word getref.

Die opmerklike is ook dat die engel die skaal nie net sommer oor die dier se hele ryk uitgooi nie.

- Hy gooi dit spesifiek oor die troon van die dier uit.
 - Dit lyk tog asof die Here daarmee openbaar dat Hy die leierselement van die antichristelike ryk tref.
- Die ware gelowiges is heeltemal uitgesluit uit die werking van hierdie skaal, in die sin dat die skaal nie oor hulle uitgooi word nie.

- Indirek dra hulle egter wel die gevolge van die uitgiet van die skaal omdat die oorloë wat as gevolg hiervan ontstaan, hulle ook tref.

Wanneer die engel die skaal nou oor die troon van die dier uitgooi, word die hele ryk verduister.

- Die verduistering waarvan hier gepraat word, is nie dieselfde as die verduistering wat in die negende plaag oor die Egiptenare gekom het nie.

Verder het die HERE vir Moses gesê: Steek jou hand na die hemel uit, en daar sal duisternis oor Egipteland kom, sodat 'n mens die duisternis kan gryp. Toe Moses sy hand uitsteek na die hemel, kom daar 'n dik duisternis in die hele Egipteland, drie dae lank. Die een het die ander nie gesien nie, en niemand het van sy plek opgestaan nie, drie dae lank. Maar al die kinders van Israel het lig in hulle woonplekke gehad.
(Eksodus 10:21-23 AFR1953)

- Hier beteken dit dat die ryk van die antichris aan skerwe gaan spat:
 - Vir hulle ideologieë en hulle samehorigheid word dit donker, want hulle hele ryk word versteur.
 - In die plek van die eensgesindheid en samehorigheid wat daar onder hulle was teen God en sy koninkryk, kom daar nou verdeeldheid en verwarring wat haat en oorlog tot gevolg het.
 - Die Here gee die antichris en sy mense hier oor aan hulleself, want buite God om is daar nie vrede en liefde nie.

Wanneer hierdie skaal op die troon van die dier uitgegooi word, kom daar dus groot verdeeldheid en onderlinge gevegte (oorloë) voor.

- Volgens Dr S Greijdanus in die werk: *Korte Verklaring der Heilige Schrift met Nieuwe Vertaling* p. 240 sien die woorde **sy koninkryk is verduister** op so 'n verwarring en geweldige oorloë wat dan aan die orde van die dag is.
- Hierdie openbaring kondig dus aan dat die hele heerskappy van die antichris tot niet gaan: Sy heerskappy, sy regering sy magsbasis – letterlik alles – verskerf in die deurmekaarspul wat daarin ontstaan.
- Die magte van die antichris vernietig hulleself dus.

Die woorde **en hulle het hul tonge gekou van pyn** teken

- hulle radeloosheid en
- die angs en
- ellendes wat oor hulle kom (wat God beskik dat hulle dit oor hulleself bring).

Met die woorde **hulle kou hulle tonge van pyn** openbaar die Here dat hulle eie dade hulleself ingehaal het.

- Die Here openbaar hier iets baie belangriks, naamlik dat moeite en sorg en verskriklike ellendes die mense begin oorkom.
- En ook belangrik –
 - dis nie net geestelike lyding nie,
 - ook nie net liggaamlike lyding nie.

Dis al twee hierdie soorte lyding. Hierdie mense ly na liggaam en siel in die hoogste graad.

- Die **donker word** wys dus hier op ondenkbare radeloosheid en verskrikking.

Hoe reageer die wat getref word?

By al hierdie ellendes word dit ook deur die Here geopenbaar dat die mense nog steeds ly aan die gevolge van die vorige skale se ellendes ook.

- Hulle het pyne en swere aan hulle.
- Die swere kom nog saam met hulle van die eerste skaal af.
- Die pyne is waarskynlik ook van die son wat hulle so gebrand het (vierde skaal),
- of van siektes wat hulle gekry het van die ontbinde bloed wat hulle gedrink het (derde skaal).

Watter skaal/skale die pyne veroorsaak het, is nie die belangrike saak nie. Die feit is dat die mense aan die gevolge daarvan ly.

Tog is hier weereens nie van bekering sprake nie.

- Die mense sondig net erger.
- Hulle laster God net meer.
- Hulle tas nou God in sy hoogste majesteit aan, want die Bybel leer dat hulle **die God van die hemel en die aarde** laster oor hulle pyne en swere.

Hulle weet dus heeltemal wie die Here is!

- Hulle weet dat Hy die hemel en die aarde geskape het.
- En hulle weet dat alle mag in die hemel en die aarde aan Hom onderwerp is.

Daar is by hulle geen twyfel oor sy Persoon en sy mag en sy beskikking nie.

- ***Maar hulle laster Hom.***
- ***Daarom is hierdie lastering 'n aanranding van God se majesteit.***

U moet hierdie punt goed verstaan:

- Ons lees nie hier van mense wat dalk sou wou glo as hulle net uitverkies was nie – soos die praatjies onder mense soms loop.
- Ons lees hier van mense wat weet van God se bestaan, en wat sy hoogheid in sy werke sien – en erken.

Hulle ellendes en smarte dwing hulle om die mag en opperheerskappy van God te bely.

- Maar in hulle bose haat weier hulle om tot bekering te kom.
- In hulle haat smaad hulle die Here doelbewus.
- Hulle bekeer hulle nie van hulle werke nie omdat hulle sleg en boos en teen God in verset wil wees.

Wat sien die gelowige in hierdie openbaring?

- *Hy sien die absolute mag van God.*
- *Hy sien hoe die Here selfs al voor sy koms die wêreldmagte en die ryk van die antichris vernietig.*

Dit moes u al opgeval het dat die Bybel elke keer die wederkoms beskryf en dan net meld dat die Here op die wolke verskyn. Daar is nie weerstand teen sy koms en die oordeel wat Hy uitvoer nie.

Waarom is dit so? *Mens sou immers verwag dat alle magte van die hel en sy meelopers op die aarde hierdie oomblik met hand en tand sou veg óf om te oorwin óf om die oomblik uitgestel te kry.*

- *Maar daar gebeur nie sulke dinge nie.*
- *Dis omdat die Here die wêreldmagte al vooraf vernietig het.*

Ons sou hier sekerlik eerste moet dink aan die kruisdood en die opstanding. Die Here Jesus het met daardie daad die duiwel verpletterend verslaan en oorwin.

- Maar die Here openbaar ook in die briewe van Petrus dat die Satan nou op die aarde neergewerp is en dat hy hier rondloop soos 'n brullende leeu.

Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n

brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is. (1 Petrus 5:8, 9 AFR1953)

- In hierdie tydjie voor die wederkoms rig hy nou allerhande magte op, soos die mag van die antichris. Dis so 'n soort van laaste wanhoops poging.

Die krag van die kruis het egter nie met die hemelvaart verbygegaan nie.

- Die krag van die kruis is ewig, en dit is ook die bepalende krag agter die uitgooi van al die skale, want die kruiswerk was ook tot oordeel – vir die ongelowiges.
- Daarom word die vyfde skaal uitgegooi om die mag van die antichris op die aarde ook tot niet te maak.

Die Here regeer dus absoluut. Hy bevestig sy regering in hierdie skaal oor die donker magte.

- Hy laat sy grimmigheid uitgiet oor die troon van die dier sodat die dier homself vernietig.
- Die Here handhaaf die skeiding tussen reg en verkeerd, en tussen sy koninkryk en die valse ryk van die antichris daarin dat die mense van die ryk van die dier God ken, maar hulle nie bekeer om Hom te aanbid nie.

Ons troos in hierdie hele saak is dat die Here hierdie skaal uitgooi, en die regering van die dier oor die aarde breek.

- Hy doen dit sodat die koninkryk van God kom waar ons tot in ewigheid by Hom gaan lewe.
- Dis 'n koninkryk wat ewig bestaan onder die volmaakte heerskappy en heerlikheid van die Drie-Enige God.

Die kruisversoening van ons Here Jesus Christus was om ons met die toorn van God te versoen sodat, wanneer sy grimmigheid die aarde tref oor die sondes van die mense, ons deur sy versoening gered word.

- Die kruisversoening van ons Here Jesus Christus was sodat hierdie skaal ons nie vernietig nie maar ons losmaak van die mag van die dier wat hom teen die Almagtige God verset en in daardie tye die Christene vervolg.
- Die kruisversoening van ons Here Jesus Christus was sodat ons ons kan verheug in die genade van God se toorn wanneer die ryk van die antichris finaal val.

Vers 12

En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die ooste af kom, reggemaak kon word. (Openbaring 16:12 AFR1953)

Hierdie plaag kom sterk ooreen met dit wat gebeur wanneer die sesde engel op sy basuin geblaas het!

En die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is, en dié het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat. Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om 'n derde van die mense dood te maak. (Openbaring 9:13-15 AFR1953)

Die oorlog teen die kerk van die Here het twee kante:

- Aan die een kant is daar bloedige oorloë: Ons weet almal dat die eindtyd gekenmerk word deur oorlog.
- Maar aan die ander kant is daar ook 'n *sagte aanval* op dinge soos sedes en geloof – verval van sedes, en die agteruitgang van alles wat reg is.

Die genade in die hele saak is dat die Here ons waarsku oor alles wat aan die kom is sodat ons dit enersyds kan weet en verstaan, maar sodat ons ook kan waak dat ons nie saam deelneem aan die ondergang van die geskiedenis nie.

- Die punt is net dat die gelowige wat in die eindtyd leef, gewoon kan raak aan dinge wat verkeerd is, en dat hy dan onder die indruk mag wees dat dit reg is, terwyl jy dan inderdaad in die hand van die duiwel speel.
- Die ware gelowige moet in die eindtyd elke mens en elke beweging toets aan die beginsels van God se Woord. Dis die enigste manier om agter te kom wat en wie eg is, en wie teen God is.

Let op na die betekenis van die Eufraatrivier. Die Eufraatrivier waarvan die Bybel in dié gedeelte praat, is in werklikheid die noord-oostelike grens van Palestina.

- Dit was die werklike grens tussen Palestina en Babel. Die Here het self hierdie grens vasgestel (Eksodus 23:31):

En Ek sal jou grense vasstel van die Skelfsee af tot by die See van die Filistyne, en van die woestyn af tot by die Eufraat. Want Ek sal die inwoners van die land in julle hand gee, en jy sal hulle voor jou uit verdrywe. (Eksodus 23:31 AFR1953)

In Salomo se tyd was dit nog steeds die grense van die land. Lees 1 Konings 4:21 en 1 Konings 4:24:

Verder was Salomo heerser oor al die koninkryke van die Eufraat af tot by die land van die Filistyne, en tot by die grens van Egipte; hulle het belasting aangebring en Salomo gedien al die dae van sy lewe. (1 Konings 4:21 AFR1953)

Want hy het geheers oor alles wes van die Eufraat, van Tifsag af tot by Gasa, oor al die konings wes van die Eufraat, en vrede gehad aan alle kante rondom; (1 Konings 4:24 AFR1953)

- In die openbaring dat die Here die rivier gaan laat opdroog, wys die Here aan ons dat Hy in die eindtyd 'n bepaalde grens gaan uitwis.

Let veral daarop dat die Eufraatrivier altyd die simboliese grens was tussen geloof en ongeloof. Dink hier byvoorbeeld aan Josua 24:15

Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: óf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, óf die gode van die Amorieë in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die HERE dien.

Daarom is dit nie moeilik om te verstaan van watter grens die Here hier in die boek Openbaring praat nie.

- Ons moet onthou:
 - Palestina was die simbool van die kerk.
 - Babel was simbool van die gebied van die Antichris.
- Die Here gaan dus die grens tussen die kerk en die wêreld wegneem.

In die tyd toe die boek Openbaring geskryf is, het die Eufraat 'n belangrike rol gespeel in die geskiedenis van daardie tyd.

- Dit was 'n magtige rivier wat nie maklik met 'n leër oorgesteek kon word nie, en daarom was dit altyd 'n struikelblok vir die magte wat Palestina wou inval.
- Die Here vertel dat die engel wat die sesde skaal in sy hand het, die bak juis oor hierdie rivier leegmaak, en dat sy waters dan almal opdroog.

Die Here toon met hierdie fisiese gebeurtenis dat daar ook iets geesteliks gebeur.

- Die grens tussen die kerk en die wêreld word uitgewis, en dan val die wêreld die kerk binne.

- Daar sit iets vreesaanjaends in hierdie gebeurtenis – dink net 'n oomblik daaraan dat die Here die dinge wat die kerk en die wêreld uitmekaarhou, laat wegraak!

Dink nou mooi: Dit beteken dat alle beginselonderskeidings ook wegval.

- Daar is nie meer 'n verskil tussen reg en verkeerd nie.
- Selfs die verskil tussen geloof en ongeloof verdwyn.

U moet net onthou: Die verskille verdwyn nie vir God nie!

- Hy weet nog altyd waar die grense geloop het.
- Die grens het net vir die mense verdwyn omdat hulle nie meer die bakens kan raaksien nie.

Wat is die gevolg van hierdie grensuitwissing?

Mens wonder watter een van die twee magte die oorhand sal kry in hierdie noodwendige konflik wat ontstaan wanneer die grense verdwyn.

- God openbaar die skokkende feit: Daar gaan van die gelowiges af geen invloed op die wêreld uit nie.
- Die kerk probeer nie om die wêreld te bekeer nie – die wêreld val die kerk in en maak die kerk gelykvormig aan die wêreld.

Die konings van die Ooste word in Openbaring 20:7-9 aangegee as die Gog en die Magog.

En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, (Openbaring 20:7-9 AFR1953)

Esegiël ken ook die magte:

Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Mensekind, rig jou aangesig teen Gog, in die land Magog, die vors van Ros, Meseg en Tubal, en profeteer teen hom en sê: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Gog, vors van Ros, Meseg en Tubal! (Esegiël 38:1-3 AFR1953)

En jy, mensekind, profeteer teen Gog en sê: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Gog, vors van Ros, Meseg en Tubal. (Esegiël 39:1 AFR1953)

Dis skrikwekkend, maar nogtans is daar 'n pad uit.

- Dit word nie hier in soveel woorde beskryf nie, maar die res van die Bybel is tog duidelik genoeg daarvoor.
- Die pad loop deur ons berou voor God oor alles wat ons verkeerd gedoen het teen sy hoë majesteit.
- Dit veronderstel dat ons ons berou opvolg met 'n lewe van ware bekering – 'n totale lewe vir God.

Ons moet die punt van hierdie preek goed snap:

- Dit gaan nie net daarvoor dat die gelowiges op hierdie betrokke punt in God se raadsplan baie ellendes en pyn gaan deurmaak nie.
- Dit gaan ook daarvoor dat die gelowiges hierdie toestand gaan aanhelp.

Vers13, 14

En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is geeste van duiwels wat tekens

doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God. (Openbaring 16:13, 14 AFR1953)

Die Bybel vertel eers dat die pad vir die konings wat uit die Ooste kom, reggemaak gaan word. (vers 13, 14).

Die Here openbaar aan Johannes dat daar magte is wat vir die konings van die Ooste werk. Hy sien drie geeste opkom –

- een uit die bek van die draak;
- een uit die bek van die dier; en
- een uit die mond van die valse profeet.

Die drie magte wat vir die antichris werk, is dus:

- Eerstens 'n mag wat regstreeks deur die duiwel bedryf word
- Tweedens 'n politieke mag wat deur die duiwel gebruik word
- Derdens 'n mag van valse geloof en afgodsdienste wat deur die Satan beheer en bestuur word

Dis nie moeilike dinge om te verstaan nie. Ons weet wie die draak is. Ons lees baie van hom in onder andere Openbaring 12 waar hy oorlog voer teen die engele van God. In vers 9 staan daar geskryf:

En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. (Openbaring 12:9 AFR1953)

Hierdie gedeelte is baie belangrik vir die verklaar van hierdie verse, want dit toon baie duidelik dat die draak die Satan is, en dat hy tot voor die koms van Christus op twee plekke moes oorlog voer.

- Hy moes sy magte verdeel om sowel in die hemel teen God se engele as op die aarde teen die gelowiges oorlog te maak.
- Maar na die slag van Openbaring 12:9 is hy uit die hemel uitgedryf en op die aarde neergegooi.
 - Van toe af spits hy al sy kragte en al sy aandag toe op die mense.
 - Dis waarom ons kan verwag dat dit met ons sleg sal gaan in die laaste dae.

Wat aan die einde gebeur, is dat die Satan (deur die werking van die antichris) 'n klomp mense in beheer kry wat deur en deur sleg en boos is:

- Hulle gedagtes is satanies en hels.
- Hulle planne en maatreëls wat hulle tref in hulle besluitneming is vars uit die hel.
- Hulle lei alle mense om hulle in hierdie gees van die hel in – deur hulle beïnvloeding en magsvertoon en opvoeding van die mense rondom hulle.

Openbaring 20:8 leer byvoorbeeld dat die Satan na die vier hoeke van die aarde sal uitgaan om die nasies te verlei, en om hulle bymekaar te maak vir die oorlog teen God.

- Dis dieselfde saak as waarvan hierdie teksvers praat.
- Die skeiding tussen kerk en wêreld het padgegee – dan kom die Satan self in die kerk in om die kerk af te breek.

Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdag en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. (2 Tesseloniese 2:7-10)

Al wat gebeur wanneer die dier (Satan) vir oulaas sy magte monster, is dat God in sy heerlikheid verskyn. Hierdie magsopenbaring vernietig die dier en al sy magte en hulle werking.

Hoe dit sal wees as die Satan in die kerk is?

- Openbaring sluit aan by die boek Daniël waar hy sê dat daar 'n afgodsbeeld in die kerk sal wees.
- Openbaring 13:15 skryf dat daar aan die dier se beeld 'n gees gegee sal word,
 - sodat die dier se beeld ook sal praat.
 - Hy sal maak dat almal doodgemaak word wat nie die dier se beeld aanbid nie.

Daar sal min mense oorbly wat nie hierdie draak sal aanbid nie, want hy sal so magtig wees dat hy tekens doen – so erg dat hy selfs vuur uit die hemel sal laat neerdaal voor die oë van die mense (vergelyk hierby Openbaring 13:13).

Daar is dus 'n geweldige gevaar wanneer die grens tussen kerk en wêreld opgehef word.

Die tweede gees is 'n politieke gees. Hy kom uit die bek van die dier.

- Weer sluit die openbaring wat aan Johannes gegee word, aan by wat in die boek Daniël geskryf staan.

Daniël 7:5: En kyk, 'n ander dier, 'n tweede, het gelyk soos 'n beer, en is aan die een kant opgerig; en drie ribbes was in sy bek tussen sy tande; en só het hulle vir hom gesê: Staan op, eet baie vleis.

Daniël 7:6: Daarna het ek gesien, en kyk, daar was 'n ander een soos 'n luiperd, en dit het vier vlerke van 'n voël op sy rug gehad; ook het die dier vier koppe gehad, en aan hom is heerskappy gegee.

Daniël 7:7: Daarna het ek in die naggestigte gesien, en kyk, daar was 'n vierde dier, vreeslik en skrikwekkend en baie sterk, en dit het groot ystertande gehad; dit het verslind en vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap; en dit was verskillend van al die diere wat voor hom gewees het, en dit het tien horings gehad.

Daniël 7:11: Ek het toe bly kyk vanweë die stem van die groot woorde wat die horing gesprek het; ek het bly kyk totdat die dier gedood en sy liggaam vernietig en aan die verbranding deur vuur oorgegee is.

Daniël 7:19 en 23: Toe wou ek sekerheid verkry oor die vierde dier wat van al die ander verskillend was, buitengewoon vreeslik, met ystertande en met koperkloue, wat verslind, vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap het,

Só het hy gesê: Die vierde dier – die vierde koninkryk sal op die aarde wees, wat verskil van al die koninkryke en die hele aarde sal verslind en dit sal vertrap en dit verbrysel.

- Daniël het ook die dier(e) beskryf as politieke magte.

Die dinge gaan reeds in vervulling, daarom vind ons in ons tyd so 'n wanverhouding tussen politiek en die kerk.

- Dis waarom politieke leiers die kerk – en selfs die Bybel – probeer gebruik om hulle oogmerke te bevorder.
- Ons is al gewoond daaraan dat daar kerke is wat politiek en geweld verkondig.
 - Dit kom van hier: as die grense opgehef word, verdwyn reg uit die kerk omdat die wêreld die kerk oorspoel en God se openbaring vervals.

Die politieke gees sluit ten nouste aan by die derde gees, naamlik die valse profeet van die antichris.

- Die valse profeet is die persoon wat in die kerk valse leerstellings verkondig en laat posvat.

- Hy maak die kerkmense gewoon aan verkeerde dinge – en daarmee droog die verskil tussen reg en verkeerd vir hulle ook op.

Hierdie magte is al drie direk duiwels – en al drie direk binne die kerk.

Die waarskuwing is nie om die oordeel oor ons aan te blaas nie.

- Dis sodat ons kan onderskei tussen die heerlijkheid van God en die werke van die duiwel sodat ons van die duiwel en sy mense af kan wegbly.
- As ons wil eerlik wees, sal ons moet erken dat daar dinge is waar ons ook nie meer weet wat nog reg, en wat al verkeerd is nie. Dikwels omdat ons bloot aan die kwaad gewoon geraak het.

As die Eufraat nie alreeds opgedroog het nie, is dit in ons tyd sekerlik al besig om op te droog. Die slag van Armagedon is dus om die draai.

- Ons hoef egter nie in paniek te verval nie, want ons troos is die Here Jesus Christus.
- Sy dood het onder andere verseker dat die grense vir die ware gelowige altyd sigbaar sal wees.
- Daarom het Hy ook sy Gees oor die kerk uitgestort.

Sy dood het verseker dat God die skeiding tussen die gelowiges en die ongelowiges handhaaf.

- Ons kan dus nie verlore gaan nie.
- Die kruisdood waarborg egter nie dat ons nie sal ly nie, maar dit waarborg wel dat ons nie vernietig kan word nie, omdat God ons verlos.

Vers 15

Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie. (Openbaring 16:15 AFR1953)

Hierdie tyd is 'n moeilike tyd en 'n tyd van vrees vir die gelowiges.

- Dis 'n tyd waar dit baie moeilik is om aan die Here getrou te bly!
- Daarom kom die Here self en Hy bemoedig en vertroos die gelowiges.

Ek kom soos 'n dief

Die Here het reeds geopenbaar dat almal Hom sal sien as Hy weer kom.

- Hy sal nie in die geheim kom, sonder dat die wêreld eers weet dat Hy hier was nie!
- Sy koms sal openlik en aan almal geopenbaar wees – trouens die meeste mense gaan dit met skok en angs sien gebeur!

Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!
(Openbaring 1:7 AFR1953)

Maar, die punt is dat niemand sal weet wanneer hierdie verskyning is nie!

- Die Here gaan kom op 'n tydstip wanneer dit almal onkant gaan vang omdat dit juis op 'n dag/tydstip sal wees wanneer niemand gedink het die tyd vir die koms is reg nie.
- Die Here vergelyk sy koms met dié van 'n inbreker/dief wat juis in jou huis inkom wanneer jy slaap (of weg is).

As ons hierdie uitspraak van die Here afweeg teen Openbaring 11, kan mens dit goed verstaan.

- Die wêreld gaan juis van die standpunt uit dat die kerk vernietig is.
- Waarvandaan en hoe kan die Here dan kom as alles wat aan Hom behoort uit die weg is?

En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak; en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is. En mense uit die volke en stamme en tale en nasies sal hulle lyke drie en 'n halwe dag lank sien en nie toelaat dat hulle lyke in die graf gelê word nie. Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat dié twee profete die bewoners van die aarde gepynig het.
(Openbaring 11:7-10 AFR1953)

Daarom is dit logies dat hulle hoegenaamd nie op die koms van die Here voorbereid sal wees nie. Vergelyk hierby die volgende Bybelgedeeltes:

want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag.
(1 Tessalonisense 5:2 AFR1953)

Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie.
(1 Tessalonisense 5:4 AFR1953)

Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand. (2 Petrus 3:10 AFR1953)

Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie. (Openbaring 3:3 AFR1953)

Daarom bemoedig die Here almal wat hulle in daardie tyd rein gehou het van alle besmetting van die sondes wat die wêreldmense doen.

Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie. (Openbaring 16:15 AFR1953)

Die Here Jesus self het reeds hieroor gepreek:

Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie. Maar weet dit: as die huisheer geweet het in watter nagwaak die dief sou kom, sou hy gewaak en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie. Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie. (Matteus 24:42-44 AFR1953)

Klere beteken in die gedeelte *heilsklere/klere van verlossing* (vergelyk Efesiërs 6:11-24)

Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien. (Openbaring 3:18 AFR1953)

Skaamte is hier die simbool van *verlorenheid* (helse verlorenheid).

Die woorde **sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie** simboliseer juis die skande daarvan dat almal sal sien wie in die hel is en hoe hulle lyk in die skande van hulle grondelose verwerping deur die Here.

Kantaantekening: *In die gelykenis van die ryk man en Lasarus (Lukas 16:21vv) het Lasarus juis die pierewaaier van 'n rykman in sy ellendes gesien.*

- *In die lewe moes Lasarus vir 'n paar broodkrummels bedel, terwyl die ryke in die hiernamaals by hom net een druppel water afsmeek oor sy lyding.*
- *Dis die skande dat die Here hier aantoon (openbaar maak!) wie almal is wat daar in die vernedering gil en skreeu en ly – en dat almal wat hier met mag en glans sonder God gelewe het, in die hiernamaals blootgelê is in die skande van hulle lyding en angs!*

Vers 16

En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armageddon.
(Openbaring 16:16 AFR1953)

Hier word 'n baie belangrike beginsel aan ons geopenbaar: Dit is dat elke keer wanneer geloofsgrense tot niet gaan, daar ook gebiedsgrense tot niet gaan.

Die Bybel gee self 'n voorbeeld hiervan. Daar word verwys na Armageddon.

- Armageddon beteken *Berg Megiddo*.
- Die boek Openbaring verwys hier na die geskiedenis wat afgespeel het op Megiddo in Rigters 4 & 5.
- Die geskiedenis daar begin so:

Maar na die dood van Ehud het die kinders van Israel weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE. Daarom het die HERE hulle verkoop in die hand van Jabin, die koning van Kanaän... (Rigters 4:1-2 AFR1953)

Dan bou die geskiedenis op tot by die oorwinningslied van Debora in Rigters 5 waar sy sing:

Konings het gekom, geveg; toe het die konings van Kanaän geveg by Táánag, by die waters van Megiddo – geen stuk silwer het hulle geneem nie. Uit die hemel het die sterre geveg, uit hulle bane het hulle teen Sísera geveg; die spruit Kison het hulle afgedrywe, die spruit van ontmoeting, die spruit Kison! Tree op, my siel, met mag! Toe het die perdepote geklap van die gejaag, die gejaag van hulle geweldiges.

(Rigters 5:19-22 (AFR1953).

Hier het ons presies dieselfde saak: Die Israeliete het 'n geloofsgrens deurbreek, en toe het God die tweede grens, hulle landsgrens deurbreek.

- Hy het hulle onderwerp aan die Kanaäniete.
- Dan verhaal die geskiedenis verder dat Debora en Barak in die Naam van die Here teen hierdie heidene opgestaan het en hulle verslaan het by Megiddo.

Die Bybel verwys 12 keer na Megiddo. Nie een is 'n mooi en vreugdevolle verwysing nie. Die laaste keer (voor hierdie verwysing in Openbaring 16) is in Sagaria 12:

In dié dag sal die rouklag groot wees in Jerusalem, soos die rouklag van Hadad-Rimmon in die laagte van Megiddo. (Sagaria 12:11 AFR1953)

Die berg Megiddo was ook nie net 'n plek waar die kerk van die Here oorwin het nie. Dit was ook 'n plek waar die kerk gestraf geraak het!

In sy dae het Faraó Nego, die koning van Egipte, teen die koning van Assirië opgetrek na die Eufraatrivier; en koning Josía het hom tegemoetgetrek, maar dié het hom gedood by Megiddo net toe hy hom sien. En sy dienaars het hom dood vervoer van Megiddo af en hom in Jerusalem gebring en hom in sy graf begrawe; en die volk van die land het Jóahas, die seun van Josía, geneem en hom gesalf en hom in die plek van sy vader koning gemaak. (2 Konings 23:29-30 AFR1953)

In die openbaring aan Johannes in Openbaring 16 openbaar die Here dat Hy hierdie geskiedenis wat by die berg Megiddo afgespeel het, aan die einde van die tyd gaan herhaal.

- Die herhaling gebeur in dié opsig dat die Here die gelowiges – individueel of volke – se grense om hulle gaan wegneem.
- Dit beteken dat die kerk dan aan die magte en die ideologieë van die duiwel, wat op die aarde werk, uitgelewer gaan wees.

Ons teksvers beskryf dit: Die duiwel versamel sy leërs by **Armageddon**.

- Die plek waar Debora en Barak vir hulle geloof moes veg.

- Net soos wat Megiddo vir die Israeliete oorlog beteken het, beteken die noem van die plek se naam ook simbolies 'n bloedige oorlog vir die gelowiges van die laaste dae.
- Die dier beplan dat daar 'n geweldige en bloedige oorlog sal plaasvind. Wat hy egter nie voorsien het nie, is dat God daar ingryp en die dier (die satan en al sy magte) finaal op hulle herrie gee!

Vers 17-21

17 En die sewende engel het sy skaal uitgegooi in die lug, en 'n groot stem het uit die tempel van die hemel gekom, van die troon af, wat gesê het: Dit is verby!

18 En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het 'n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie so 'n geweldige groot aardbewing.

19 En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn.

20 En alle eilande het gevlug, en berge is daar nie gevind nie;

21 en groot hael, omtrent 'n talent swaar, het uit die hemel op die mense geval; en die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat sy plaag ontsettend groot was.

(Openbaring 16:17-21 AFR1953)

Die sewende skaal word uitgegooi en die einde breek aan.

- Hierdie skaal word nie op mense of die see of die riviere of die troon van die dier uitgegooi nie.
- Hierdie skaal word sommer net in die lug uitgegooi!
 - Hierdie skaal se werking gaan dus vanuit die lug (van bo af!) oor die hele aarde toeslaan.
 - Dit gaan alles wat op die aarde is tref!

Die oordeel van God het daarmee in sy finale fase ingegaan.

- Al die magte van die hel en ook al hulle eiendom word aan stukke gebreek en vernietig.
- Daarmee word die laaste voorbereidings getref vir die wederkoms van die Here.

Daar is tog 'n parallel met die blaas van die sewende basuin:

En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid. (Openbaring 11:15 AFR1953)

Wêreldtoestande wat die uitgiet van die skaal voorafgaan.

Die politieke toestand in hierdie tye sal gekenmerk word deur valsheid en leuens.

- Dit sal ook gekenmerk word deur opgeblasenheid en verwaandheid van die leiers. Dink maar aan wat die Bybel leer van die dier en die draak en die valse profeet.
- Terselfdertyd beskryf dit ook die toestand in die *kerk van die eindtyd*.

Die kerk sal nie meer 'n ware kerk wees nie. Dink hier maar net aan wat alles gebeur wanneer die sesde skaal uitgegooi word.

- Die valse profeet sal die kerk sy tuiste maak, en die sogenaamde gelowiges sal die beeld van die dier aanbid.
- Die Ware en Enige God sal nie meer in die kerk wees nie.

Op staatkundige en godsdienstige gebied sal die wêreld op dié tydstip in so 'n toestand wees dat geen ware gelowige meer daarin kan bestaan nie.

- Dit sal 'n toestand wees waarin die donker magte die illusie sal skep dat hulle absolute

regering oor die hele skepping uitoefen.

Hierdie magte het min vrede met die gelowiges. Hulle vervolg die gelowiges. Die rede daarvoor is ook voor die hand liggend:

- Ons het gesien dat hulle met die uitgiet van die vorige skale beseft het dat dit die grimmigheid van God is wat oor hulle kom.
- Hulle weet dus baie goed dat dit die God van die ware gelowiges is wat in die beheer van die hele toestand staan.
- Hulle haat hierdie ware God, want ons lees dat hulle Hom aanhoudend laster oor die smarte wat oor hulle kom.

Daarom vervolg hulle nou die gelowiges wat hierdie ewige God aanbid.

- Dit is presies wat die Here Jesus al in Matteus 24:21 geleer het dat die gelowiges in die eindtyd geweldig verdruk sal word deur die wêreldmagte.

Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word. As iemand d n vir julle s : Kyk, hier is die Christus! of: Daar! – moet dit nie glo nie. (Matteus 24:21-23 AFR1953)

Teen wie rig die sewende skaal hom?

Die ander skale het nou al die plante en die gras en die see en die riviere en die son getref.

- *Maar die lug is nog nooit getref nie. Nou word die lug getref.*
- Die laaste middel wat lewe op die aarde bepaal, word deur die grimmigheid van God getref.
- As die lug nie meer daar is nie, sterf alles.

Die sewende skaal maak dus 'n einde aan alles.

- Die apostel Paulus skryf in Efesi rs 2:2 dat die **owerste van die mag van die lug** die ongehoorsaamheid in die mense werk.
- Hy skryf in Efesi rs 6:12 ons **worstelstryd is teen die bose geeste in die lug**.
- Die Bybel skep dus duidelik die indruk dat die antichris sy mag in die lug gevestig het.
- Dit beteken dus dat as die sewende skaal in die lug uitgegooi word, die ryk van die antichris vernietig word. Daarmee sluit hierdie skaal aan by die sesde skaal en sy werking.

Met hierdie sewende skaal rig die Here Hom tot die sentrum van die onheilige magte, en vernietig die Here hulle in die hart van hulle bestaan. Daarmee saam word alle lewe op die aarde tot 'n einde gebring.

Dit verklaar waarom vers 17 afsluit met die woorde: **Dit is verby!** Letterlik staan daar: **Dit het gebeur!**

(Hierdie aankondiging van die Here staan in die perfektum geskryf. Dit beteken dat alles wat gedoen is deur God so absoluut en beslissend gedoen is dat die gevolge daarvan tot in alle ewigheid geldend sal bly. Niks kan die verloop en die afloop van die geskiedenis ooit ongedaan maak nie, want dit is in die totale mag en beslissing en hantering van God. Onveranderlik.)

Die inhoud daarvan is wyd en vol: Dit beteken dat God daarmee bekendmaak dat Hy 'n raadsplan opgestel het. Daardie raadsplan het Hy tot in die allerbesonderste uitgevoer. Elke stukkie van daardie raadsplan het Hy gedoen en afgehandel en niemand kan meer iets doen om dit te verander nie. Dis presies voltooi.

Die geskiedenis is afgeloop – God se raadsbesluit oor die hele wêreld het sy loop geloop en is presies afgehandel.

- Alles wat moes gebeur, het in vervulling gegaan. Die Here het dus sy almag lank en duidelik bewys oor die gang van die geskiedenis.
- Nou het die oomblik aangebreek dat God sy heerlikheid in sy oorwinning oor die ryk van die antichris gaan toon.

En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het 'n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie so 'n geweldige groot aardbewing. (Openbaring 16:18 AFR1953)

Meteens is daar magtige tekens in die skepping wat die verskyning van God aankondig:

- Daar word **stemme** gehoor. Dit beeld die misterie rondom die majesteit van God uit.
- Verder is daar donderslae en bliksemstrale – dit laat mens dink aan Sinaï toe die Wet gegee is.

En op die derde dag toe dit môre word, was daar donderslae en blitse en 'n swaar wolk op die berg en die geluid van 'n baie sterk basuin, sodat die hele volk wat in die laer was, gebeef het. (Eksodus 19:16 AFR1953)

En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op 'n afstand bly staan. (Eksodus 20:18 AFR1953)

Die Ou Testament voorspel ook van die bliksems wat die Here se eindoordeel vergesel!

As Hy sy stem laat hoor, is daar 'n geruis van waters in die hemel; en Hy laat dampe opgaan van die einde van die aarde; Hy maak bliksems vir die reën en laat wind uitgaan uit sy voorraadskure. (Jeremia 10:13 AFR1953)

as Hy sy stem laat hoor, is daar 'n geruis van waters in die hemel; en Hy laat dampe opgaan van die einde van die aarde; Hy maak bliksems vir die reën en laat die wind uitgaan uit sy voorraadskure. (Jeremia 51:16 AFR1953)

- Daar kom 'n groot aardbewing – die grootste aardbewing wat ooit oor die aarde gekom het.
 - Die aardbewing is nie vreemd nie, want die Here Jesus het dit ook voorspel.
 - Daarby is die aardbewing 'n simbool van vernietiging van die aarde (dink net aan die tsunami's wat dikwels daarmee saamgaan).

Die Nuwe Testament beskryf 'n paar dinge wat die Here gedoen het wat Hy tegelyk met 'n aardbewing laat gebeur het! Dit is dus tipies van die Here dat Hy sy optrede koppel aan aardbewings!

En toe die hoofman oor honderd en die wat saam met hom Jesus bewaak het, die aardbewing sien en die dinge wat daar gebeur, het hulle baie bevrees geword en gesê: Waarlik, Hy was die Seun van God. (Matteus 27:54 AFR1953)

En daar kom 'n groot aardbewing, want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal en gekom en die steen van die opening weggerol en daarop gaan sit. (Matteus 28:2 AFR1953)

En skielik kom daar 'n groot aardbewing, sodat die fundamente van die gevangenis geskud het. En onmiddellik het al die deure oopgegaan en die boeie van almal het losgeraak. (Handelinge 16:26 AFR1953)

Kyk na die effek van die aardbewing van Openbaring 16:19:

En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn. (Openbaring 16:19 AFR1953)

Daar is 'n groot stad – waarskynlik die hoofstad waar die hoofkwartier van hierdie magte gesetel is.

- Hierdie stad breek in drie dele.
- Waarskynlik gebeur dit as gevolg van die geweld van die aardbewing wat die aardkors laat skuif en die stad opbreek.
- Die stede van die nasies val. Alles stort inmekaar as gevolg van die geweld van die aardbewing.

Die Here openbaar dat die eindtye besonder onder aardbewings gaan deurloop – aardbewings wat almal deur die Here beskik word!

En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; (Openbaring 6:12 AFR1953)

En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing. (Openbaring 8:5 AFR1953)

En in dié uur het daar 'n groot aardbewing gekom, en 'n tiende van die stad het geval, en sewe duisend mense het in die aardbewing omgekome, en die ander het bevrees geword en aan die God van die hemel heerlijkheid toegebring. (Openbaring 11:13 AFR1953)

En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael. (Openbaring 11:19 AFR1953)

Dan kom hierdie laaste en finale aardbewing wat alles vernietig. Dit word nie geopenbaar dat daarna ooit weer enige aardbewings is nie.

Die hele skepping sukkel om die geweld van die laaste skaal – die aardbewing en die tekens wat daarmee saamgaan – te hanteer:

En alle eilande het gevlug, en berge is daar nie gevind nie; en groot hael, omtrent 'n talent swaar, het uit die hemel op die mense geval; en die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat sy plaag ontsettend groot was. (Openbaring 16:20, 21 AFR1953)

Kyk wat gebeur alles:

- Die eilande vlug weg – hulle verdwyn net onder die oppervlakte van die see.
- Dis in ons tyd 'n baie bekende verskynsel!
- Op die vasteland gaan dit nie beter nie, want die berge raak weg – hulle is net nie meer daar nie – is hulle gelyk geskud, of sak hulle in die aardkors weg? Niemand weet nie! Hulle is net nie meer daar nie.

Die betekenis hiervan is dat groot getalle mense doodgaan.

- As die eilande wegraak in die see, verdrink al daardie mense.
- Dieselfde geld van die berge en die mense wat daarby betrokke is.
- Die aardbewing laat geboue op mense inmekaar tuimel.
- Dit sal baie duidelik wees dat die verskriklikheid wat gebeur, die straf van die Here is oor die goddeloosheid van die mense op die aarde.

Hoe bekend is hierdie dinge nie in ons tyd nie? Dis daagliks oor die nuus!

Waarskynlik is daar nog mense iewers aan die lewe. Dan kom hierdie verskriklike haelstorm.

- Die haelstene is elkeen omtrent 'n talent swaar – sowat 50 kilogram.
- Sulke hael gaan doodgewoon geboue en mense, diere en plante van die aarde af weg vermorsel.
- In die Ou Testament is daar voorbeelde waar hael en vloede kombineer en bosse en stede

inmeekaarslaan en wegspoel.

Maar dit sal hael as die bos inmeekaarstort en die stad wegsak in die laagte.

(Jesaja 32:19 AFR1953)

Dit is ook nie vreemd dat die oordeel van die Here ook tot uiting kom in hael wat Hy beskik nie. Ons ken dit ook in die Here se openbaring. (Daar is 27 voorbeelde daarvan in die hele Bybel.) Let op die volgende voorbeelde:

Vuur en hael, sneeu en damp, stormwind wat sy woord volbring; (Psalm 148:8 AFR1953)

Ek het julle swaar getref met brandkoring en heuningdou en hael -- al die werk van julle hande -- nogtans het niemand van julle hom tot My gewend nie, spreek die HERE.

(Haggai 2:17 AFR1953)

En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand. (Openbaring 8:7 AFR1953)

En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael.

(Openbaring 11:19 AFR1953)

Agter alles sit die hand van die Here.

- ***Die spesifieke beskrywing dat hierdie haelstene uit die hemel val, vertel juis dit.***
- ***Dit word van bo af, van God af, beskik.***

En die verstommendste van alles:

- Die mense het God gelaster oor die plaag van die hael omdat sy plaag ontsettend groot was. Daar is geen bekering nie.
- Hulle bely God wel as die Almagtige en as die Beskikker van alles, maar daar is nie aanbidding en bekering nie. Net verharding en haat teen God.

Deurentyd moet die leser onthou dat ons deur die Here Jesus Christus verlos is.

Ons moet nie as ons die gebeure rondom die sewende skaal lees, vergeet wat die Here aan die begin van hierdie boek gesê het nie.

- *In die eerste paar verse van die boek Openbaring sê die Here dat Hy aan Johannes openbaar wat gaan gebeur.*
- *Maar Hy toon tog ook aan dat Hy deur al hierdie dinge sy kerk bewaar.*

Daar staan in hoofstuk 1:5-7 dat Hy ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed.

...en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen. Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurstek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige. (Openbaring 1:5-7 AFR1953)

- Hy het ons konings en priesters vir sy God en Vader gemaak!
- Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom tydens die kruisiging gemartel het!

Die Here noem Homself: **Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige!**

- Daarmee teken die Here tog uitdruklik dat hierdie verskriklike eindoordele nie gerig is op die

kerk nie.

- Dis gerig op sy vyande – maar die eindproduk daarvan is die verheerliking van die Here en ook die heiliging en verheerliking van sy kerk.

Presies dit kom ook uit in die woorde van die Here dat die mense die Here swaar sal laster wanneer die laaste skaal in die lug uitgegooi word.

- Dis nie die kerk wat die Here laster nie.
- Dis die ongelowiges – die aanhangers van die antichris wat die magteloosheid van hulle eie verlossingspogings ervaar wanneer God sy oordele oor hulle voltrek.

Die heerskappy van Christus staan vas.

- Hy het as oorwinnaar opgestaan uit die dood nadat Hy as Veldheer met onbeperkte mag die dood ingegaan het en die dood verslaan het.
- Nou verslaan Hy die mag van die antichris.
- Met die laaste vestings van die magte van die hel wat val, verskyn Hy in die hemel as die Onoorwinlike en Ewige, en Almagtige.

Die laaste oomblikke van die aarde se geskiedenis word gekenmerk deur aardbewings en stede wat in puin neerstort, en haelstene wat alles in mekaar laat val.

- Dan kom God met majesteit.
- In baie skerp kontras met die ellendes wat deur die sewende skaal veroorsaak word, daal die Nuwe Jerusalem dan uit die hemel neer, waarin die Almagtige God sy uitverkorenes in heerlijkheid bymekaarmaak.

Moenie die eindgeskiedenis vrees nie. Ook nie die magte van ons tyd wat met soveel moord en geweld hulle hande op alles probeer lê om alles in hulle mag te kry nie. Weet:

- Die Here regeer.
- Die laaste ding wat Hy doen voordat alles verby is, is om 'n engel te stuur om die sewende skaal in die lug uit te gooi, en elke vorm van mag van die hel te verbreek.
- Daarmee openbaar die Here aan u die gemak waarmee Hy oor alles regeer, en alle teëstand voor Hom wegvee.
- Dit alles sodat ons in ewige heerlijkheid voor sy troon kan lewe!